’n REGTE OU KAAPSE REEN

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Nic Tredoux

Dit reën ’n regte ou Kaapse reën
’n “opstaan en gaan slaap” reën
’n “onder die kombers lê en luister” reën
’n “dink aan jou in die vreemde” reën

Dit reën ’n regte ou Kaapse reën
’n “ertjiesop en kluitjies” reën
’n “kom staan onder my sambreel” reën
’n “gesteelde nat totsienssoen” reën

Die reën traan op my hoed se rand
Die reën huil op my vensterruit
Die reën wasem op my bril se glas
Die reën druppel my gedagtes
En ek moet jou in die nat straat gaan soek

Dit reën ’n regte ou Kaapse reën
Dat vleie kan poel en paddatjies maak
Dit reën dat die varkoor witkelk blom
Dit reën surings en froetangs en klawer

Dit reën ’n regte ou Kaapse reën
Vir misbredie en wilde raap
Dit reën dat Blinkwater weer kan blink
En jy onder my sambreel in die reën kan staan

Die reën traan op my hoed se rand
Die reën huil op my vensterruit
Die reën wasem op my bril se glas
Die reën druppel my gedagtes
En ek moet jou in die nat straat gaan soek

Dit reën ’n regte ou Kaapse reën